# Die verstommende verhaal van swewende Zimkhitha

Storie deur Helen Brain
Illustrasies deur Magriet Brink

Daar was eenmaal ’n meisie met die naam Zimkhitha wat nooit ophou lag het nie. Sy het haar pa gek gemaak. Op ’n dag gaan haal hy haar by die skool. Toe hy aan die punt van hulle straat kom, het hy genoeg gehad! Hy hou stil.

“Gaan jy ophou lag of gaan jy verder huis toe stap?” vra hy. Maar Zimkhitha lag net harder.

“Reg,” sê hy, “jy kan huis toe stap.” Hy laat haar uit die motor klim en hy ry huis toe.

“Waar’s Zimkhitha?” vra haar ma toe haar pa by die voordeur instap. “Ek kook haar gunstelingkos.”

“O, toggie,” sê haar pa. “Ek het haar laat huis toe stap van die hoek af omdat sy nie wou ophou lag nie.”



“My dierbare dogtertjie?” huil Zimkhitha se ma. “Jy het my dierbare dogtertjie laat huis toe stap? Heeltemal alleen? Ons moet haar gaan soek.” Hulle soek en soek, maar daar is geen teken van Zimkhitha nie.

“Waar het jy haar afgelaai?” vra haar ma. “Waar is sy, Ron?”

"Ai, tog," mompel Zimkhitha se pa, en kyk onder elke bos en in elke boom.

"Zimkhitha!" roep haar ma. "Zimkhitha, waar is jy?"

'n Vrou in 'n motor hou stil. "Kan ek julle help?" vra sy.

"Ons het ons dogtertjie verloor," sê Zimkhitha se ma. "Het jy haar dalk gesien?"

Die vrou ry om die blok, kom terug en sê: "Ek het 'n swart kat en 'n geel hond gesien, en 'n man wat piesangs verkoop. Maar ek het nêrens 'n dogtertjie gesien nie."

Zimkhitha se pa kyk op, en daar sweef Zimkhitha hoog, hoog bo hulle in die lug, soos 'n groot pienk ballon.

"O, goeiste," roep haar ma. "Hoe op aarde het sy daar bo gekom?"

Die gawe vrou kyk in die lug op, en sien hoe Zimkhitha op die wolke dans. "Lag … lag sy?" vra die vrou.

"Zimkhitha lag altyd," sê haar ma en pa tegelyk. "Ons kan haar nie maak ophou nie. Luister." Van hoog bo uit die lug kom Zimkhitha se lag aangesweef soos die geluid van 'n klokkie wat klingel.

"O, nee!" roep haar ma, en wring haar hande saam. "Netnou val sy in die see."

"Of binne-in 'n roosboom," kreun haar pa.

"Ek is 'n wetenskaplike," sê die gawe vrou, "en een van die eerste dinge wat ons leer, is dat lug opstyg. Sy moes so baie lug ingesluk het van al die gelag dat sy soos 'n ballon in die lug opgestyg het."

"Ai, ai, ai," huil Zimkhitha se ouers.

"Daar is net een manier om haar af te kry," sê die gawe vrou. "Ons sal haar moet laat huil."

"Goeiste," sê haar ma. "Dit gaan nie maklik wees nie. Sy is so 'n giggelende kind."

"Ons sal vir haar iets vreesliks moet skree," sê Zimkhitha se pa, en snik in sy sakdoek.

“Ons het baie mense nodig wat almal saam kan skree,” sê die vrou. “Sy sal nooit net die drie van ons hoor nie.” Hulle lui toe al die deurklokkies en vra die mense om buitentoe te kom. Zimkhitha se pa stop die verkeer en vra almal om te kom help. Gou is daar ’n groot skare byeen, en hulle wys en wuif en neem foto’s van Zimkhitha met hulle selfone.

Zimkhitha lag en lag. Dit is die snaaksste ding wat sy nog ooit gesien het.

“Wat gaan ons sê om haar te laat huil?” vra die gawe vrou.

“Ek weet!” sê Zimkhitha se pa, en hy sê vir hulle wat om te sê.

“Een, twee, drie, almal saam …” beveel die gawe vrou.

En toe kyk die skare in die lug op en skree: “Haai, Zimkhitha! Ons kan onder jou rok insien!” Hoog bo in die wolke hoor Zimkhitha hulle. Sy kyk af en sien vyf honderd mense wat na haar rok wys, en sy hou op lag.

Sy begin ondertoe sweef. Maar terwyl sy sweef, kielie die wolke haar, en sy dink hoe snaaks dit is dat sy so hoog in die lug is terwyl al die ander mense daar onder is. En sy begin weer lag.



“Ag, nee,” sê haar pa. “Dit het glad nie gewerk nie.”

“Ek weet!” sê haar ma. “Sê vir haar ons kan haar kolletjiesbroekie sien.”

Die skare haal diep asem en skree so hard hulle kan: “Haai, Zimkhitha! Ons kan jou kolletjiesbroekie sien!”

En Zimkhitha hou op lag en sweef vyftig meter ondertoe. Maar sy kyk na die groot verkeersknoop en die TV-span en die duisende mense wat na haar kyk, en sy begin weer lag. En daar sweef sy weer op in die lug.

Die gawe vrou skud haar kop. "Ons gaan iets onaangenamer moet sê," sê sy ferm. "Die wind kan haar nou enige oomblik skep en dan sal sy vir altyd wegsweef. Wat is die ergste ding waaraan julle kan dink wat ons vir haar kan sê?"

Hulle sit almal koppe bymekaar en dink en dink en dink en dink. Uiteindelik het hulle dit.

"Almal saam," roep Zimkhitha se pa, wat op die dak van 'n Mercedes Benz staan. "Almal skree so hard julle kan, almal tegelyk."

En toe skree die skare van vier duisend mense, en die geel hond, en die swart kat, en die man wat piesangs verkoop almal saam: "HAAI, ZIMKHITHA! ONS KAN JOU BROEKIE SIEN, EN DAAR IS 'N GAATJIE DAARIN!"



En Zimkhitha hou op lag.

Sy kom afgesweef. Af, af, af. Nog verder af, en af, en af, tot sy uiteindelik byna op die grond is.

"My dierbare klein dogtertjie!" huil haar ma, gryp haar bene vas en trek haar terug tot op die grond. "Dankie tog jy is veilig!"

Zimkhitha kyk na die skare mense wat almal juig en lag en hande klap. Sy is so verleë dat sy haar gesig met haar hande bedek en begin huis toe hardloop.

“Ai, tog,” sê haar pa. “Ons het haar gevoelens seergemaak. Sy is baie ontsteld.”

En die mense sit toe weer koppe bymekaar en dink aan die regte ding om te sê om haar op te beur.

“Almal saam,” roep haar ma.

En hulle skree: “HAAI, ZIMKHITHA! DIT WAS NET ’N GRAPPIE!”

Zimkhitha gaan staan stil.

“ONS BELOWE JOU!” skree hulle almal saam. “ONS KON NIE REGTIG JOU BROEKIE SIEN NIE, WANT JY HET DAN ’N PIENK LANGBROEK AAN!”

En toe begin Zimkhitha lag.

“Oeps, gryp haar gou!” skree haar ma.

En hulle doen dit. Net betyds.



## WEES KREATIEF!

Teken ’n prent van jouself wat sweef en lag. Voeg dan ’n praatborrel by jou prent en skryf woorde daarin wat beskryf hoe jou lag klink. Probeer letters van verskillende groottes en ook hoofletters en kleinletters gebruik om te wys hoe hard of sag jy lag. Wys jou prent vir iemand anders en laat hulle probeer om die praatborrel te lees!

Nal'ibali-pret

# Die verstommende verhaal van swewende Zimkhitha

Storie deur Helen Brain • Illustrasies deur Magriet Brink

## Visueel

Teken 'n prent van jouself wat sweef en lag. Teken dan 'n praatborrel in jou prent en skryf woorde vir die geluid van jou gelag daarin. Gebruik letters van verskillende groottes sowel as hoof- en kleinletters om te wys hoe hard of sag jy lag. Wys jou prent vir iemand anders en vra hulle om die praatborrel te probeer lees!

## Lees

Lees die storie hardop en gebruik verskillende stemme vir Zimkhitha se ma en pa, en maak jou eie stem harder en harder namate die skare groter word.

## Skryf

Verbeel jou dat Zimkhitha se ouers 'n "verlore"-kennisgewing opgeplak het om hulle te help om Zimkhitha te vind. Skryf "VERLORE" boaan 'n vel papier en teken dan 'n prent van Zimkhitha. Beskryf haar daar onder sodat almal wat die kennisgewing lees, sal weet as hulle haar gesien het.

## Handwerk

Gebruik papier, kleurkryt/verf en kleefband/krammetjies om die kolletjiesbroekie te maak wat die mense in die storie gesê het hulle sien dat Zimkhitha aanhet.

## Speel toneel

Beweeg rond asof jy Zimkhitha is wat in die lug rondsweef. Probeer nou soos 'n groot pienk ballon beweeg, soos wolke wat in die lug dryf, Zimkhitha wat na die grond toe afsweef en Zimkhitha se ma wat Zimkhitha na die grond toe terugtrek.